393/2000

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)

SAAK NO: 393/2000

DATUM: 22 JUNIE 2010

In die saak tussen:

**SHOPRITE CHECKERS (EDMS) BPK** Applikant

en

**BUMPERS SCHWARMAS BK** 1ste Respondent

**RUDOLF JACOBUS KLOPPER** 2de Respondent

**MEDELAINE JOHANNA KLOPPER** 3de Respondent

---

**U I T S P R A A K**

**(Aansoek vir verlof om te appelleer)**

**J MULLER, WnR:**

Ek het die argumente aangehoor van die partye. Dit is nie nodig dat ek 'n volledige uitspraak lewer nie. Ek sal volledige redes verskaf indien dit aangevra word. Ek is tevrede dat 'n ander Hof moontlik tot 'n ander bevinding kan raak en dat dit die uitslag van die saak kan affekteer. Mnr Kuschke het drie punte in die besonder uitgelig waarop 'n ander Hof namens sy betoog tot 'n ander bevinding sou kon raak. Dit sou net nodig wees, natuurlik, in die konteks van hierdie saak, dat een van

daardie punte moontlik deur 'n ander Hof op 'n ander wyse benader word of 'n ander Hof 'n uitsluitsel sou gee om die saak ten gunste van die eiser te beslis.

Ek is tevrede dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat, ten minste op een van die punte wat deur mnr Kuschke uitgewys is, 'n ander Hof tot 'n ander uitsluitsel sou kom en derhalwe staan ek VERLOF TOE OM TE APPELLEER NA DIE VOLBANK VAN HIERDIE HOF. DIE KOSTE VAN HIERDIE AANSOEK OM VERLOF TOT APPÈL SAL KOSTE IN DIE APPÈL WEES.

J MULLER, WnR